




# Die akuutteken in woorde van vreemde herkoms

| Woord | Betekenis en herkoms | Voorbeeld |
|---|---|---|
| **attaché** | ’n amptenaar wat verantwoordelik is vir bepaalde sake by ’n gesantskap of ambassade; uit Frans. | *My pa was kulturele **attaché** by die Suid-Afrikaanse ambassade in Parys toe ek gebore is.* |
| **cliché** | Dit word in die taal- en letterkunde gebruik om te verwys na weinig oorspronklike werk of ’n frase wat telkens gebruik word; uit Frans. | *Om ’n ander **cliché** te gebruik: Hulle het geluister na wat nie gesê is nie.* |
| **négligé** | ’n deftige lang, dikwels deursigtige, dameskamerjapon; uit Frans. | *’n Meisie in ’n suurlemoengeel **négligé** wys na Micki.* |
| **olé** | ’n uitroep van bewondering, ’n aanprysing of ’n aanmoediging; uit Spaans. | *Groepies mense met aanstekers het “**olé, olé, olé**” gesing.* |





| Woord | Betekenis en herkoms | Voorbeeld |
| --- | --- | --- |
| **détente**<br>[Luister na die uitspraak hiervan in Britse en Amerikaanse Engels.] | verslapping van gespanne verhoudings, veral tussen volke; uit Frans. | *Albei kante het hulle tot **détente** gewend om politieke spanning te verlig en regstreekse militêre aanvalle te verhoed.* |
| **blasé** | oorversadig, afgestomp deur te veel genot;<br>uit Nederlands (*blasé*, 1847) of Engels (*blasé*, 1819) of direk uit Frans (*blasé*). | *Selfs die **blasé** Amerikaners, wat aan prestasies gewoond is, was in vervoering oor die ongelooflike medalje-oes van hul superheld in die swembad.* |
| **képi** | ’n militêre pet, met ’n plat sirkelvormige bokant en ’n piek of visier; uit Frans.<br> | *Kenmerkend van die uniform is onder andere die wit keps (“**képi** blanc”) wat deur manskappe onder die rang van sersant gedra word.* |
| **née**<br>[Luister na die uitspraak in Engels en Frans.] | ‘gebore’, vooraan die nooiensvan geplaas; uit Frans. | *Wanneer Louise Smit (**née** Bekker) aan haar kinderjare in die Paarl dink, is dit ’n oneindige oefening van toonlere op die klavier.* |